

# Lekkerbekkie Nuusbrief

17 JUNIE 2015 | UITGAWE 101



## Inhoud:

- \* **Kinderstorie:** Die toebie en die selfie
- \* **Produk van die week:** Bekendes lees kinderstories voor!
- \* **Inkleurentjie:** Die toebie en die selfie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Die toebie en die selfie deur Hettie du Plessis

André het 'n baie eenaardige troeteldiertjie. Sy troeteldier is 'n luidier, en sy naam is Louis. Hulle is beste maatjies. Toe dit Moedersdag is, sê André vir Louis: "Kom ons maak vir Mamma 'n lekker toebie vir Moedersdag. Sal jy my help?"

"Wat is 'n toebie?" vra Louis luiërig. Hy speel met sy selfoon.

"Dis 'n toebroodjie, natuurlik!" lag André. "Kom, ons moet gou maak voor Mamma wakker word."

Dis nog donker in die gang toe die twee kombuis toe sluip. Skielik is daar 'n spierwit flitslig! Dit is Louis wat 'n selfie neem met sy selfoon! "Los nou die foon!" fluister André kwaai. Hulle loop op hulle tone kombuis toe.

"Goed, ons moet nou mooi beplan," sê André. "Wat gaan ons alles op die toebie sit?"

"Tel my op jou skouers," fluister Louis, "dan kyk ek wat is in die yskas." Hy klouter op André se skouers en loer in die yskas. "Wat sien jy?" vra André. Louis antwoord nie. André kyk op en sien dat Louis sowaar eers weer besig is om 'n selfie te neem! "Louis, dis nie nou tyd vir selfies nie!" raas hy. "Ons moet 'n toebie maak voor Mamma wakker word!"

"Goed, goed..." brom Louis. "Hier is blaarslaai, tamaties en kaas..."

"Ja, Mamma sal daarvan hou," sê André. "Ons gaan botter ook nodig hê. Sal jy dit kan uithaal?" Louis haal die botter, die blaarslaai, die tamaties en die kaas uit die yskas uit en gee dit vir André aan. Maar o aarde, dis te veel goed om vas te hou! Kadoems val hulle altwee saam met die botter, die blaarslaai, die tamaties en die kaas op die kombuisvloer! Wat 'n gemors! André sukkel nog om op te kom, maar Louis is al klaar weer besig om 'n selfie te neem...

"Almal dink julle luidiere kry so min gedoen omdat julle lui en stadig is," brom André vir Louis, "maar lyk my jy kry so min gedoen omdat jy net heeltyd selfies neem! Kyk nou net die gemors!"

Louis lyk nou skamerig. "Jammer, " sê hy vinnig en sit die selfoon eers neer. "Kom ek help jou mooi en dan maak ons die toebie - sonder enige selfies. Ek belowe!"

Nou gaan dit goed. Terwyl André botter op die brood smeer, sny Louis solank die blaarslaai en die tamaties, en kort voor lank het hulle 'n pragtige toebie vir Mamma gemaak! Hulle sit dit op 'n skinkbord met 'n glasiemoensap.

"Dit lyk so mooi!" sug Louis. "Kan ek seblief 'n foto neem van die toebie, kan ek?"

André lag. Hy skud sy kop. "Nou goed, Louis," sê hy. "Kom ons neem 'n ONSIE van ons en die toebie. Maar net ene, hoor? Want ek hoor al vir Mamma daar in die kamer." En dit is presies wat hulle doen!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

## Produk van die week

# Kinderstories deur Anna-Mart van der Merwe en Chris Chameleon!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Merwe, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskriffie is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

**Afrikaanse kinderstories van hoë gehalte! Moenie hierdie skreeusnaakse stories deur twee van Afrikaans se mees geliefde en talentvolle stemme misloop nie. "Vier Konings" (voorgelees deur Anna-Mart van der Merwe) en "Die Musikman se Kat" (voorgelees deur Chris Chameleon) is beide in lekker moderne kindertaal geskryf uniek aan Anna Emm. Dit belowe om oud en jonk ure te vermaak. Koop hierdie twee storie-CD hierdie week @ slegs R80 elk – by enige AnnaEmm agent - of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area.**



## SPESIALE AANBOD

Afrikaanse kinderstories voorgelees  
deur

# Anna-Mart van der Merwe en Chris Chameleon!



**Die musikman woon in die grys kasteel op die rotse by die see. Wanneer hy besluit om op 'n wêreldreis te gaan moet Karalie, sy kat, die kasteel oppas. Maar vreemde dinge gebeur terwyl die musikman weg is...**

*Vier lekkerluister stories voorgelees deur Chris Chameleon!*



**In die land van Verfenoffel staan 'n ou kasteel. Die kasteel staan al jare leeg. Dan besluit die raadslid en die minister om te adverteer vir 'n nuwe koning om in die kasteel te kom woon. Maar 'n paar vreemde konings daag op...**

*Vier lekkerluister stories voorgelees deur Anna-Mart van der Merwe!*

**Spesiale aanbod:**  
Koop "Die Musikman se Kat" of "Vier Konings"  
hierdie week @ slegs R80 elk!  
Gewone prys R95 elk. Aanbod sluit Maandag 22 Junie 2015



**Kontak 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area!  
Aanbod sluit 22 Junie 2015.**

### **Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!**

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories-produkte te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

**Die toebie en die selfie** illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)